**Hoërskool Swartland**

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
**www.swartlandhs.co.za**
*Posbus 253, Malmesbury, 7299*

# Hoërskool Swartland Beheerliggaam Gedragskode

Opgestel deur Beheerliggaam
(in samewerking met die senior bestuurspan van HS Swartland)

SM Walters.
------------------
S Walters
Voorsitter

------------------
AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 24/03/2025

# Gedragskode van Hoërskool Swartland

## Inhoudsopgawe

1. Inleiding ........ 3
2. Dissiplinêre komitee ........ 3
Die dissiplinêre komitee bestaan uit ........ 3
3. Definisies ........ 4
4. Skoolreëls ........ 4
5. Strafbeleid van Hoërskool Swartland ........ 4
6. Nasionale simbole asook skoolkodes en -etiek ........ 5
7. Algemene beginsels ........ 5
8. Skool- en klasbywoning ........ 5
9. Skoolklere en algemene voorkoms ........ 6
10. Waardevolle en persoonlike besittings ........ 7
11. Hoërskool Swartland se sport- en verrykingsprogram ........ 7
12. Toegang tot skoolterrein ........ 7
Areas waar leerders nie mag kom nie ........ 8
13. Kleredrag ........ 8
14. Gedrag en hoflikheid ........ 8
Daar word van leerders verwag om ........ 9
15. Leerders van Hoërskool Swartland se optrede moet te alle tye ........ 9
16. Taalgebruik ........ 9
17. Liggaamlike en emosionele welsyn ........ 10
18. Eiendom van skool, personeel, ander volwassenes en leerders. ........ 10
19. Fisieke kontak ........ 11
20. Afhanklikheidmiddels ........ 11
21. Ongewenste publikasies en onaanvaarbare materiaal ........ 11
22. Wapens en gevaarlike items ........ 12
23. Ryloop ........ 12
24. Vervoer en voertuie ........ 12
25. Akkommodasie van godsdienstige of kulturele regte ........ 12
26. Dissiplinêre komitee van die beheerliggaam ........ 13
27. Algemene regulasies ........ 14
Strafstelsel: Oortredings en korrektiewe optredes (Bylae A) ........ 14
Vlak 1 oortredings ........ 16
Vlak 2 oortredings ........ 17
Vlak 3 oortredings ........ 18
Vlak 4 oortredings ........ 19
Vlak 5 oortredings ........ 20

Kleredrag en voorkoms (Bylae B) ........ 21

Voorkoms van leerders ........ 22

Beleidswysigings ........ 23

Nademaal die Suid-Afrikaanse Skole Wet, Wet 84 van 1996 en meer spesifiek artikel 8 gelees met artikel 20(1)(d) van Gemelde Wet die Beheerliggaam verplig om gedragskode saam te stel en Nademaal die Beheerliggaam oorleg gepleeg het met alle betrokke partye soos vereis in artikel 8(1) te wete ouers, leerders, en personeel en nademaal Hoërskool Swartland verbind is tot die skep en bevordering van 'n omgewing en atmosfeer wat gehalte-onderrig en effektiewe leer verseker, het die Beheerliggaam die volgende Gedragskode vir leerders aanvaar.

## 1. Inleiding

Hoërskool Swartland se **Gedragskode** bepaal die reëls ten opsigte van leerdergedrag en beskryf die dissiplinêre stelsel wat geïmplementeer word rakende oortredings en ontwrigtende gedrag deur die leerders.

Die doel van hierdie **Gedragskode** is:

- die bevordering en onderhouding van die regte en veiligheid van alle leerders, onderwysers en ouers.
- die versekering dat leerders verantwoordelikheid vir hul eie optrede en gedrag aanvaar.
- die voorkoming van alle vorms van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid.
- die voorkoming van ontwrigtende, beledigende en onaanvaarbare gedrag.
- die skep van 'n gunstige en geskikte omgewing vir doeltreffende onderrig en onderwys.
- hierdie **Gedragskode** is ook gerig op die instandhouding, onderhoud en bewaring van skooleiendom en toerusting.

Die **Gedragskode** is van toepassing op alle leerders terwyl hulle op die skoolterrein is, op pad vanaf die huis na die skool en terug of wanneer hulle die skool verteenwoordig by 'n skoolfunksie of –aktiwiteit.

Artikel 8 (4) van die SA Skolewet bepaal dat alle leerders van Hoërskool Swartland gebind is deur die **Gedragskode** van die skool. Alle ingeskrewe leerders van die skool en hul ouers onderwerp hul aan die **Gedragskode** van die skool.

## 2. Dissiplinêre komitee

Die administrasie van die **Gedragskode** is die verantwoordelikheid van die dissiplinêre komitee van Hoërskool Swartland en word onderskryf deur die beheerliggaam.

**Die Dissiplinêre komitee van die Skool bestaan uit**:

- Adjunkhoof
- Graadhoofde waarvan minimum van 2 (twee) lede teenwoordig moet wees

Hierdie komitee is ook verantwoordelik, hetsy self of deur deligasie, vir die algemene skoolreëls en regulasies, strafbeleid en tugprosedure.

Die Dissiplinêre komitee se vergaderings en besluite moet genotuleer word, en enige veranderinge, asook afwykings, moet skriftelik aan die personeel, leerders en ouers deurgegee word.

## 3. Definisies

In hierdie dokument word die term ***personeel*** gebruik met verwysing na alle personeel verbonde aan Hoërskool Swartland: die opvoedingspersoneel, die rugsteun- en grondpersoneel, asook enige tydelike werkers wat verbonde is aan of werk by Hoërskool Swartland.

Die term ***volwassene*** verwys na al die persone ingesluit in die voorafgaande paragraaf asook alle besoekende volwassenes, beamptes en ouers. Hierby sluit die gedragskode enige beampte asook persone wat 'n diens verrig aan die skool en op die skoolterrein beweeg, in.

Die term ***leerder*** verwys na al die ingeskrewe leerders van Hoërskool Swartland.

Die begrip **skoolterrein** sluit die amptelike skoolterrein, soos bepaal word deur die skool se fisiese adres, asook die sportvelde, die skool se betrokke koshuise en die terrein waarop die koshuise gebou is, in. Dit verwys ook na die skool se voertuie.

Bepaalde woorde soos skool, leerder, opvoeder, skoolhoof en Beheerliggaam, het dieselfde betekenis, soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, No.84 van 1996.

## 4. Skoolreëls

4.1. Die skoolreëls is bedoel om 'n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing vir doeltreffende onderrig en leer in die skool te fasiliteer.

4.2. Niks sal 'n leerder vrywaar van die nie-nakoming van die skoolreëls nie. By inskrywing van elke leerder word 'n afskrif van die gedragskode verskaf en sal aanvaar word dat elke leerder kennis dra van gemelde gedragskode tensy die teendeel bewys word.

4.3. Die ouer het hierby ook die reg, soos deur die Skolewet aangedui, om appèl aan te teken, verteenwoordiging te hê en om skriftelik te reageer op optrede soos deur die skool opgelê.

4.4. Oortreding van enige skoolreël sal die strafbepaling, soos vervat in die strafbeleid van Hoërskool Swartland, in werking stel.

## 5. Strafbeleid van Hoërskool Swartland (Sien Bylae A)

5.1. Hierdie strafbeleid sal die oortredings, asook die betrokke behoorlike optrede, bepaal.

5.2. Die tipe straf sal, met inagneming van die oortreder se geslag, liggaamlike toestand, geestesgesondheid en sosio-ekonomiese omstandighede asook deur die erns en aard van die oortreding, bepaal word.

5.3. Die aard en omvang van die optrede teenoor die leerder, sal volgens die **Strafbeleid** bepaal word deur die betrokke persoon of instansie van Hoërskool Swartland: Onderwyser, vakhoof, graadhoof, departementshoof, adjunkhoof, skoolhoof of beheerliggaam.

5.4. Elke oortreding van 'n betrokke leerder, asook die gepaste optrede, sal behoorlik deur die betrokkenes geboekstaaf word. Hierdie dokumente moet die datum van oortredings en optredes insluit.

5.5. Ouers van leerders sal gereeld skriftelik van die betrokke dissiplinêre probleme en optredes teenoor hulle kinders ingelig word.

5.6. Indien skorsing, tydelike onttrekking of uitsetting deur die skool oorweeg word, sal dit streng ingevolge die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, artikel 8 (5), 9(1) - (2), Die Wes-Kaapse Skolewet, Wet 12 van 1997, Die Regulasies soos afgekondig, dergelike amptelike skrywe en beleidsbepaling, toegepas word.

5.7. Ouers en wettige voogde mag teen strafoptrede, skorsings en uitsetting appelleer. Hierdie appèl moet binne drie dae na optrede skriftelik aan die skoolhoof gerig word.

## 6. Nasionale simbole asook skoolkodes en –etiek

6.1. Geen leerder mag met minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die skoolkodes optree nie.

6.2. 'n Leerder wat met die skool geassosieer kan word, wat op enige plek of tydstip die skool se naam in diskrediet bring, kan tot verantwoording geroep word.

6.3. Geen leerder of groep leerders mag aan stakings, onbehoorlike optredes of protes-aksies deelneem nie.

6.4. Huidige, asook geskiedkundige openbare figure en leiers, mag op geen manier met disrespek en oneer behandel word nie.

## 7. Algemene beginsels

7.1. Leerders moet te alle tye op 'n vriendelike, bedagsame wyse en met respek teenoor mekaar, die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), lede van die personeel, ouers en besoekers aan die skool optree.

7.2. Van leerders word verwag om te hou by die skool se reëls met betrekking tot voorkoms en gedrag wanneer hulle Hoërskool Swartland verteenwoordig, gedurende en na skoolure, asook by die skool en weg van die skool. Leerders mag nie enigiets sê of doen wat Hoërskool Swartland of hulself sal diskrediteer nie.

7.3. Geen leerder het die reg om te eniger tyd so op te tree dat dit die leeraktiwiteite van ander leerders ontwrig, of sal veroorsaak dat 'n ander leerder fisiese of emosionele skade opdoen nie. Enige opstokery, aanhitsing, wanorde of onaanvaarbare gedrag wat medeleerders beïnvloed, is ontoelaatbaar. Dit geld vir enige plek en tyd op die skoolterrein of tydens byeenkomste en uitstappies.

7.4. Wanneer 'n leerder se gedrag 'n bron van kommer word, of as die leerder teen Hoërskool Swartland se **Gedragskode** oortree, sal die skool poog om ouers / voogde in 'n gees van konstruktiewe vennootskap te betrek om sodoende die probleem op te los. Daar sal gepoog word om die leerder te ondersteun tot positiewe optrede en ontwikkeling.

7.5. Van ouers en voogde word verwag om alle finansiële verpligtinge ten opsigte van hulle kinders se onderrig, opvoeding en dienste gelewer deur die skool, ten volle en op datum na te kom.

## 8. Skool- en klasbywoning

8.1. Ouers / voogde, leerders en onderwysers is gesamentlik verantwoordelik om te verseker dat alle leerders die skool bywoon.

8.2. Indien 'n leerder 'n dag of langer van die skool afwesig was, moet hy die eerste dag wanneer hy weer by die skool is 'n verduidelikende brief van sy ouers saambring. Afwesigheid tydens enige eksamen of SBA-aktiwiteit moet met 'n mediese sertifikaat opgevolg word. Die klasonderwyser moet 'n akkurate register van leerderbywoning hou asook afskrifte van alle kommunikasie met ouers, oor die leerder se afwesigheid. Geen leerder mag sonder verlof die skoolterrein verlaat nie. Daar sal in elke geval slegs met die hoogste uitsondering aan dié versoek voldoen word.

8.3. Van alle leerders word verwag om by die skool te wees [op die skoolterrein] voor die amptelike aanvangstyd. Daar sal teen leerders wat laat is vir skool opgetree word.

8.4. Dit is verpligtend vir alle leerders om verlof tot afwesigheid van die klaskamer, om watter rede ook al, te verkry.

8.5. Verlof tot afwesigheid van die klas, oefeninge of skoolaktiwiteite kan net deur die skoolhoof of die gedelegeerde persoon, soos deur die skoolhoof gemagtig is, verkry word.

8.6. Afwesigheid van 'n klas, sonder die toestemming van die betrokke klas- of vakonderwyser, is onaanvaarbaar en strafbaar.

8.7. Geen leerder mag die skool gedurende skoolure verlaat sonder 'n brief van 'n ouer / voog, wat die toestemming vra tot die versoek.

8.8. Afwesigheid van skool sonder verlof van die skool en toestemming van die ouers, is verbode.

8.9. Alle leerders sal skool bywoon vir die volle duur daarvan soos deur die skoolprogram bepaal word.

8.10. Leerders wat nie 'n mediese sertifikaat op afwesigheid tydens formele eksamens / toetse / assesseringstake aanbied nie, sal 'n punt van "0" (nul) vir die betrokke eksamen / toets / assesseringstaak ontvang, asook verdere strafoptrede soos bepaal deur Hoërskool Swartland se strafbeleid.

## 9. Skoolklere en algemene voorkoms (Sien Bylae B)

9.1. Leerders moet te alle tye netjies lyk en die skool se amptelike uniform volgens die voorskrifte van die skoolreëls, dra.

9.2. Geen toevoegings tot die skooluniform, wat nie in ooreenstemming met die skoolreëls en -regulasies is, sal toegelaat word nie.

9.3. Geen ringe, juwele, bykomstighede, gekleurde kontaklense of sigbare tatoeëermerke word toegelaat wanneer leerder in skool se uniform geklee is nie.

9.4. Haarkleur is stylvol en natuurlik. Indien hare onnatuurlik gekleur is, mag die leerder nie die skool verteenwoordig nie, mag 'n leerder ook nie skoolgeleenthede bywoon nie en

mag 'n leerder gevra word om eers die hare "reg" te kleur voordat 'n leerder weer aan bogenoemde aktiwiteite mag deelneem.

9.5. Naels van alle leerders moet te alle tye kort, skoon en netjies wees. Kleurlose naellak is toelaatbaar.

9.6. Tydens byeenkomste, soos deur die skoolhoof bepaal, word die leerders toegelaat om gemaklike klere te dra, maar dan moet leerders se kleredrag netjies en gepas wees. Stranddrag, styfpassende klere en deurskynende klere word nie toegelaat nie. Hare, skoene en bykomstighede moet te alle tye netjies wees.

9.7. Slegs leerders wat by die beheerliggaam van Hoërskool Swartland of skoolhoof skriftelik aansoek gedoen het, met toepaslike stawende dokumente, sal mag afwyk van die amptelike skooluniform vir godsdienstige, kulturele of mediese redes.
Die beheerliggaam moet skriftelike toestemming hiervoor gee.

## 10. Waardevolle en persoonlike besittings

10.1. Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir die diefstal van, of skade aan persoonlike besittings of geld, op die skoolterrein (bv. selfone, sakke, boeke en klere) nie.

10.2. Leerders moet dit liefs vermy om selfone, groot bedrae geld en waardevolle items na die skool te bring.

10.3. Leerders mag nie selfone tydens 'n skooldag in hul besit hê nie.

10.4. Selfone moet met die aanvang van die skooldag by die sekretaresse ingelewer word en kan weer aan die einde van die skooldag afgehaal word.

10.5. Selfone mag nie gebruik word om enige ongewenste en onaanvaarbare insidente asook aktiwiteite te dokumenteer en te versprei nie. Leerder wat hierdie bepaling oortree sal dissiplinêr aangekla word.

10.6. Indien 'n leerder skoolgeld, of ander geld het om te betaal, moet dit gedurende die registerperiode by die finansiële sekretaresse inbetaal.

10.7. Reëlings moet getref word met die onderwyser in beheer vir die veilige bewaring van waardevolle items tydens sportgeleenthede en oefentye.

## 11. Hoërskool Swartland se sport- en verrykingsprogram

11.1. Deelname aan aktiwiteite van die skool se sport- en verrykingsprogram vorm 'n waardevolle en integrale deel van die holistiese opvoeding van elke leerder. Daar word van leerders verwag om met ywer en entoesiasme aan die voorgeskrewe en beskikbare skoolprogramme en -aktiwiteite deel te neem.

11.2. Van leerders word dus verwag om aktief betrokke te raak in ten minste een (1) sport-, kulturele- en / of diensaktiwiteit per kwartaal.

11.3. Leerders moet die korrekte etiket, reëls en regulasies met betrekking tot die spesifieke aktiwiteit, te alle tye onderhou.

11.4. Sodra 'n leerder hom verbind tot 'n aktiwiteit, sal hy verplig word om die reëls en verpligtinge wat verband hou met daardie aktiwiteit na te kom vir die duur van die betrokke jaar, seisoen of aktiwiteit.

11.5. Bywoning van alle oefeninge of aktiwiteite is verpligtend.

11.6. As die leerder sonder 'n geldige verskoning afwesig is, sal dit lei tot strafoptrede teenoor daardie leerder.

11.7. Toepaslike en korrekte uniform of sportdrag moet gedra word tydens oefeninge of optrede van die betrokke aktiwiteit.

11.8. Van leerders sal verwag word om met volle skooldrag na en van die aktiwiteit te beweeg of vervoer word, tensy ander reëlings amptelik deur die skoolhoof getref word.

11.9. Leerders mag geen toerusting [van die skool], oefenvelde, of geriewe gebruik sonder die behoorlike toesig van die betrokke personeellid of gedelegeerde volwassene nie. Indien die leerder na-ure bogenoemde wil gebruik, kan dit net gebeur nadat toestemming van die skoolhoof of betrokke volwassene verkry is.

## 12. Toegang tot skoolterrein

12.1. Toegang tot die skoolterrein, insluitend sportgeriewe, is met streng voorbehoud en met reg tot toegang net vir bona fide skoolleerders, -personeel, asook vir besoekers tydens sportbyeenkomste of ander amptelike skoolaktiwiteite of byeenkomste.

12.2. Besoekers wat tydens amptelike skoolure die skool of leerders besoek, moet eers by die kantoor aanmeld.

12.3. Groepe en enkelinge wat na skoolure die skoolterrein betree, moet dit doen met en onder die toesig van 'n bona fide persoon verbonde aan die skool of met vooraf skriftelike magtiging van die skoolhoof.

12.4. Leerders moet wegbly van die areas wat as buite perke aangedui word.

***Areas waar leerders nie mag kom nie:***

12.4.1. Die skoolvoertuie en -stoorruimtes.

12.4.2. Gange en klaskamers gedurende pouses en voor skool.

12.4.3. Elektriese kragtoevoerverspreidingspunte en brandblussers.

12.4.4. Parkeerterreine, behalwe toegang tot hul eie voertuie op die voorgeskrewe parkeerarea vir leerders.

12.5. Die skool is 'n plek van veiligheid en die wette met betrekking tot openbare ruimtes is hier streng van toepassing.

## 13. Kleredrag (Sien Bylae B)

13.1. Leerders moet te alle tye die voorgeskrewe reëls in verband met die skooldrag, soos uiteengesit in die prospektus en skooldragreëls en –regulasies, nakom.

13.2. Hierdie voorskrifte is ook geldig en van toepassing tydens amptelike skooluitstappies, sportbyeenkomste en enige ander skoolaktiwiteit.

13.3. Tydens naskoolse aktiwiteite en sportoefeninge moet die voorgeskrewe regulasies ten opsigte van die korrekte kleredrag ook nagekom word.

13.4. Hierdie klereregulasies is ook van toepassing op leerders wat vanaf die huis na die skool op pad is asook vanaf die skool [na skoolure] na die huis op pad is.

13.5. Alle skooldragreëls met betrekking tot die amptelike skooldrag en sportdrag is net so van toepassing as die leerders in die skooldrag, naskool of tydens persoonlike tye in die dorp of waar hulle ookal verskyn.

## 14. Gedrag en hoflikheid

14.1. Daar word van Hoërskool Swartland leerders verwag om te alle tye hoflik, bedagsaam, met respek en waardering teenoor volwassenes, hul ouers en mede-leerders op te tree.

14.2. Enige daad, optrede, gesproke en geskrewe woord wat verkleineer, of as vernederend beskou kan word teenoor ander leerders, personeel of volwassenes se kultuur, ras of geloof is verbode en word ten strengste afgekeur.

**Daar word van leerders verwag om:**

14.2.1. op te staan vir volwassenes.

14.2.2. nie met hul hande in broeksakke te staan of te stap nie.

14.2.3. volwassenes te groet, beleefd en hoflik aan te spreek.

14.2.4. met volwassenes en leerders beleefd en met respek te kommunikeer.

14.2.5. elke keer soos nodig asseblief en dankie te sê.

14.3. Seuns en dogters moet met die nodige respek, hoflikheid en beleefdheid teenoor die teenoorgestelde geslag optree.

## 15. Leerders van die Hoërskool Swartland se optrede moet te alle tye:

15.1. hoflik en beskaafd wees.

15.2. eerlik en opreg wees.

15.3. die skoolreëls en ordereëlings van die skool onderhou.

15.4. met ywer en entoesiasme aan die skoolprogram deelneem en opdragte na die beste van hul vermoë uitvoer.

15.5. respek toon vir hul eie en ander se eiendom.

15.6. die regte en belange van die individu respekteer, beskerm en bevorder.

15.7. deugde soos netheid, betroubaarheid, hardwerkendheid, toegewydheid, lojaliteit en eerbaarheid beoefen.

15.8. respek aan Hoërskool Swartland en ons land se simbole betoon.

15.9. omsien na hul eie en ander se geestelike en liggaamlike welsyn.

15.10. as ambassadeur vir Hoërskool Swartland optree.

## 16. Taalgebruik

16.1. Die taalgebruik van die leerders moet te alle tye binne die raamwerk van respek, hoflikheid en beleefdheid wees, soos deur norme en waardes van die breë skoolpubliek en gemeenskap bepaal.

16.2. Kragwoorde, vloektaal, afbrekende taal, spottende taal of enige woorde wat aanstoot aan 'n betrokke persoon, leerder of volwassene, of bepaalde groep, op watter wyse ook al gee, word ten strengste afgekeur en verbied.

16.3. Hierdie beleid is ook van toepassing op die leerders se geskrewe stukke of grafiese kunsskeppings.

16.4. Taal wat as diskriminerend of rassisties gesien word, is verbode.

16.5. Volwassenes en leerders moet te alle tye beleefd, hoflik en met respek aangespreek word.

16.6. Ontwrigtende, oproerige, onbeskofte en / of beledigende gedrag sal nie geduld word nie.

## 17. Liggaamlike en emosionele welsyn:

17.1. Liggaamlike en emosionele welsyn word bewaar en beskerm deur die bepalinge van Suid-Afrika se Grondwet en die gemene reg.

17.2. Die leerders moet respek betoon ten opsigte van die oortuigings, kultuur, waardigheid en regte van ander leerders, sowel as hul reg tot privaatheid en vertroulikheid.

17.3. Alle leerders het die reg op opvoeding vry van inmenging, intimidasie en fisiese mishandeling.

17.4. Die leerders sal respek betoon teenoor die eiendom, welstand en die veiligheid van ander leerders.

17.5. Fisiese geweld, baklei of enige dreigement of intimidasie van watter aard ook al teenoor ander leerders, personeel en volwassenes, word verbied.

17.6. Enige vorm van aantasting van 'n ander persoon, volwassene of leerder, se liggaamlike integriteit op watter wyse word verbied en is strafbaar.

17.7. Leerders moet die leerders wat in posisies van gesag optree, respekteer en met die nodige waardigheid behandel.

17.8. 'n Leerder wat in 'n posisie van gesag is, sal met die nodige waardigheid en respek teenoor ander leerders optree. Dié betrokke leerders sal met die nodige respek en volgens die bepalings van hierdie **Gedragskode** en die skoolreëls teenoor mede-leerders optree en sal nie sy magte misbruik nie.

17.9. Emosionele teistering, aantasting van die waardigheid, of enige vorm van karakterskending kan lei tot siviele of strafregtelike vervolging.

17.10. Leerders se optrede tydens sportbyeenkomste, wedstryde asook ander skoolaktiwiteite word ook onder hierdie klousule beskerm.

## 18. Eiendom van skool, personeel, ander volwassenes en leerders.

18.1. Die eiendom van Hoërskool Swartland, die personeel, ouers en leerders moet te alle tye gerespekteer word.

18.2. Enige oortreding, diefstal of saakbeskadiging, is strafbaar deur die skool se strafmeganismes asook strafbaar soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse reg en kan krimineel en strafregtelik vervolg word.

18.3. Opsetlike beskadiging, vandalisme of verwaarlosing van die skool se eiendom en die eiendom van ander persone, hetsy deur daarop te skryf of deur 'n fisiese daad, is verbode.

18.4. Diefstal en beskadiging van Hoërskool Swartland eiendom, private eiendom van leerders en persone verbonde aan Hoërskool Swartland, of enige volwassene of groep wat die skool besoek of tydens 'n amptelike skooluitstappie, is verbode.

18.5. Enige daad van bedrog in die klas, huiswerk, informele en formele toetse of interne of eksterne eksamen word verbied.

18.6. Die kopiëring van en / of leen van 'n ander leerder se werk is verbode.

18.7. Besoekende spanne en groepe word onder dieselfde reëls en regulasies beskerm.

18.8. Leerders se optrede tydens sportbyeenkomste, wedstryde asook ander skoolaktiwiteite word ook onder hierdie klousule beskerm.

## 19. Fisieke kontak

19.1. Geen vorm van romanties georiënteerde, onvanpaste, fisiese kontak van watter aard ookal, sal op die skoolterrein, of waar leerders in skoolklere is, of die skool verteenwoordig, toegelaat word nie.

19.2. Optrede van leerders teenoor die teenoorgestelde geslag, mede-leerders, personeel en ander volwassenes moet op of buite die skoolterrein van so 'n aard wees dat dit voldoen aan die norme en standaarde van die gemeenskap.

## 20. Afhanklikheidsmiddels

20.1. Die besit en gebruik van enige afhanklikheidsvormende middels is verbode, nie net op die skoolterrein nie, maar ook op enige plek en tydstip waar hierdie leerder met die skool geassosieer kan word op watter wyse ook al.

20.2. Die dra en / of rook van sigarette, enige tabakprodukte of ander rookverwante preparate is verbode.

20.3. Enige drankie, met 'n alkoholwaarde van enige % alkohol meer as 0 [zero], of die gebruik daarvan word nie op die skoolterrein, koshuis, of tydens enige skoolaktiwiteit toegelaat nie.

20.4. Verbode middels wat soos in die algemeen deur senior sportliggame en wêreld sportliggame verbied word, is verbode en daar sal streng opgetree word indien 'n leerder dié tipe middels gebruik of in handeldryf.

20.5. Leerders wat onder die invloed van hierdie genoemde produkte die skoolterrein betree of tydens amptelike skoolaktiwiteit onder die invloed is, begaan 'n ernstige oortreding ten opsigte van die skool se **Gedragskode**.

20.6. Die produseer van, dra van, handel in, verskaffing van, propagering van en / of gebruik van onwettige chemiese stowwe, alkohol en alkoholprodukte, asook enige dwelm of produkte soos hierbo beskryf, is verbode en strafbaar deur die reg en Hoërskool Swartland se strafbeleid.

20.7. Hoërskool Swartland strewe daarna om 'n dwelmvrye skool te wees. Indien daar enige redelike vermoede is dat enige leerder onder die invloed van alkohol en / of verbode afhanklikheidsvormende stowwe is en /of dit gebruik het, sal 'n toets vir die doeleindes op sodanige leerder gedoen word deur die prinsipaal en of sy gedelegeerde binne die voorgeskrewe wetlike raamwerk. Indien sodanige leerder sonder enige redelike grond weier om hom/haar te onderwerp aan sodanige toets sal dit as verbreking van gedragskode beskou word en kan so 'n leerder dissiplinêr aangekla word.

## 21. <u>Ongewenste publikasies en onaanvaarbare materiaal</u>

21.1. Enige aanstootlike materiaal, hetsy fotografies, skriftelik, grafies, digitaal of beelde en kunswerke, is ontoelaatbaar en word verbied.

21.2. Geen pamflette of advertensies van watter aard ookal mag op die skoolterrein en tydens skoolaktiwiteite geproduseer, versprei, verkoop of ontvang word nie, tensy die skoolhoof toestemming daartoe gee.

21.3. Die dra, toon, kopieer, versprei en / of die lees van bogenoemde aanstootlike materiaal word verbied.

21.4. Leerders van Hoërskool Swartland mag nie deelneem aan enige ongewensde aktiwiteit soos in die **<u>Gedragskode</u>** omskryf nie en ook nie optree in enige aanbieding of opvoering wat as ongewens beskou word nie.

21.5. Die misbruik van sosiale media om die skool, personeel, enige ingeskrewe leerder of ouer te diskrediteer, word verbied.

## 22. <u>Wapens en gevaarlike items</u>

22.1. Geen gevaarlike voorwerpe of onwettige voorwerpe soos omskryf in die SA Skolewet, Wet 84 van 1996 en die Wes-Kaapse Skolewet, Wet 12 van 1997 en die Regulasies soos uitgevaardig, mag na die skoolterrein of 'n skoolaktiwiteit gebring word of gebruik word op die skoolterrein, tensy gemagtig deur die skoolhoof vir opvoedkundige doeleindes, nie.

22.2. Geen gevaarlike wapen, van watter aard ookal of wat beskou kan word as 'n gevaarlike wapen of 'n item waarmee 'n persoon gedreig kan word of aangerand kan word, is toelaatbaar op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit nie.

22.3. Gevaarlike voorwerpe, instrumente of items, insluitend messe, vuurwapens of enige item wat 'n persoon kan benadeel of waarmee 'n persoon geïntimideer of aangerand kan word, is ontoelaatbaar op die skoolterrein.

22.4. Hierdie klousule is van toepassing op versteekte of sigbare gevaarlike items.

22.5. Handeldryf met hierdie genoemde en beskryfde wapens is onwettig en verbode.

## 23. Ryloop

Leerders mag nie ryloop terwyl hulle in skooldrag is nie, hetsy formeel of sportdrag.

## 24. Vervoer en voertuie

24.1. Alle leerders gebruik en parkeer hul motorfietse en trapfietse op die skoolterrein op hul eie risiko.

24.2. Leerders met 'n geldige lisensie mag in afgebakende gebiede bestuur of parkeer. Sodanige leerders moet voldoen aan die SA Pad-ordonnansie en veiligheid soos bepaal deur die wet.

24.3. Roekelose gedrag en optrede met genoemde voertuie word verbied.

24.4. Die **Gedragskode** is van toepassing wanneer gebruik gemaak word van openbare vervoer na en van die skool.

## 25. Akkommodasie van godsdienstige of kulturele regte

25.1. Godsdienstige praktyke, gedrag of verpligtinge wat verband hou met die kern-waardes en oortuigings van 'n erkende godsdiens en wat in stryd is met enige reël vervat in hierdie **Gedragskode**, sal geakkommodeer word deur 'n afwyking van hierdie **Gedragskode**, deur die beheerliggaam behoorlik bespreek en toegelaat kragtens die **volgende voorwaardes**:

25.1.1. Die leerder, bygestaan deur die ouer, moet aansoek doen vir 'n afwyking van die standaard skoolreëls, indien sodanige reëls in stryd is met, of inbreuk maak op enige godsdienstige regte van die leerder.

25.1.2. Hierdie aansoek moet op skrif wees en moet die spesifieke reëls wat aanstoot aan die leerder se godsdienstige reg gee, soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika aandui, insluit. Hierdie aansoek moet insluit: 'n redelike interpretasie van die godsdienstige regte wat veroorsaak dat die leerder uitgesonderd voel en ook 'n voorstel oor hoe hierdie reëls aangevul kan word deur die beheerliggaam om sulke godsdienstige regte van die betrokke leerder te akkommodeer.

25.1.3. Die leerder moet bewys lewer dat hy/sy aan die spesifieke godsdiens behoort en dat die godsdienstige praktyke, reëls en verpligtinge wat in konflik met die skool se **Gedragskode** is, sy ware oortuigings en verpligtinge is.

25.1.4. Die godsdienstige gedrag of praktyk moet regmatig wees.

25.2. Die beheerliggaam moet die aansoek oorweeg en, indien hy oortuig is dat die aansoek geregverdig is in terme van die grondwetlike beginsels, die aansoek toestaan met die veranderde reëls en regulasies soos voorgestel.

25.3. Wanneer die beheerliggaam toelaat vir afwykings van die standaard reëls, moet sodanige afwykings gebaseer wees op die kern van godsdienstige oortuigings wat eie is aan die godsdiens, en dit moet verpligtend wees vir die leerder om te voldoen aan die geloof.

25.4. Die afwyking moet die omvang van die vrystelling van die normale reëls spesifiseer en moet die gedrag wat toegelaat sal word duidelik identifiseer. Die dra van 'n kopdoek, insluitend kleure en besonderhede van die ontwerp, die groei van 'n baard, of die dra van 'n spesifieke haarstyl of juweliersware of hoed, en die omstandighede waaronder so 'n afwyking van toepassing sal wees vir die leerder, is hier van toepassing.

25.5. Kulturele regte sal oorweeg word in gevalle waar hulle nie verband hou met 'n godsdiens nie. Dit verwys na gevalle waar die verwydering van die kulturele regte traumaties vir die leerder is. Die leerder moet die beheerliggaam oortuig dat sy kulturele regte slegs uitgeoefen kan word deur middel van 'n permanente intervensie.

25.6. Enige versoek vir 'n afwyking van die **Gedragskode** gebaseer op kulturele regte moet op skrif wees.

## 26. Dissiplinêre komitee van die beheerliggaam

26.1. Indien 'n tugsaak nie deur die leerkragte afgehandel kan word nie, sal die beheerliggaam se dissiplinêre komitee in werking tree en die oortreding hanteer en afhandel.

26.2. Die beheerliggaam se dissiplinêre komitee hanteer Vlak 5 oortredings.

26.3. Vlak 3 en 4 oortredings kan, afhangend van die erns daarvan, ook na hierdie genoemde komitee soos in 26.2 verwys word.

### Dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam bestaan uit:

Die dissiplinêre komitee moet bestaan uit ten minste vyf persone waarvan ten minste drie persone beheerliggaamlede moet wees.

Die dissiplinêre komitee moet 'n lid van die beheerliggaam, aangewys deur die beheerliggaam, wat nie 'n werknemer of lid van die skoolpersoneel is nie, as voorsitter aanstel.

Leerders en ouers kan 'n skriftelike versoek tot die dissiplinêre komitee rig vir invoeging of verandering van die skool se gedragskode, reëls en regulasies.

Slegs die skoolhoof of dissiplinêre komitee kan by wyse van 'n skriftelike versoek toestemming gee dat daar van hierdie **Gedragskode** afgewyk kan word. Hierdie toestemming asook die redes vir die aansoek daarvoor, moet skriftelik gedoen word en op rekord geplaas word.

26.4. Persone wat voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam verskyn sal onder die reëls en regulasies soos beskryf deur die WKOD hanteer word.

26.5. Persone wat voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam verskyn, sal geregtig wees om hul saak te stel, hetsy deur hulself of deur die teenwoordigheid van 'n regspersoon.

26.6. Terugvoering moet skriftelik aan die ouers gegee word.

26.7. Alle korrespondensie moet op lêer geplaas word en rekord moet daarvan gehou word.

## 27. Algemene regulasies

27.1. Slenter en / of speel in en rondom die gange, trappe en toilette is verbode.

27.2. Alle rommel moet in die beskikbare vullishouers geplaas word.

27.3. Die stiptelike inhandiging van werk is die verantwoordelikheid van elke leerder.

**Strafstelsel: Oortredings en korrektiewe optredes (Bylae A)**

As enige skoolreël of ordereëling oortree word, sal intern teen die leerder opgetree word.

Die strafstelsel van die skool is op 'n puntestelsel gebaseer.

Wanneer die leerkrag die oortreding op die rekenaar invoer, sal die rekenaar outomaties die korrekte strafpunt vir die spesifieke oortreding aantoon.

Indien 'n leerder 10 punte teen sy naam het, kom hy/sy op detensie. Indien hy/sy 20 punte teen sy naam het, kom hy/sy op 'n tweede detensie. Na 20 punte moet die graadhoof die leerder se ouers in kennis stel van sy gedrag. Indien die leerder 30 punte teen sy naam het, word hy/sy 'n derde keer op detensie geplaas.

Die ouers moet ook nou ingelig word dat 'n verdere 10 punte tot gevolg sal hê dat die leerder voor die dissiplinêre komitee sal verskyn. Nadat hy/sy voor die dissiplinêre komitee verskyn het, word die eerste 40 punte gekanselleer. Indien sodanige leerder weer 40 punte verdien, sal hy/sy voor die beheerliggaam verskyn. Die dissiplinêre komitee van die skool bestaan uit die graadhoofde en adjunkhoof.

Leerkragte word aangemoedig om eers hul eie strafmeganismes te gebruik voordat punte teen leerders toegeken word. Dit is belangrik dat leerders ingelig word wanneer daar punte teen sy/haar naam aangeteken word. Alle oortredings moet daagliks deur die betrokke onderwyser op die rekenaarstelsel ingevoer word. Elke Dinsdag moet die graadhoofde hul vergewis van die stand van die leerders se oortredinge in hul betrokke graad en leerders volgens die strafstelsel op detensie plaas.

Die skool behou hom die reg voor om, in die geval van 'n baie ernstige oortreding, die ouers summier te versoek om die leerder te onttrek. Straf, skorsing en uitsetting sal in oorleg met die skoolbeleid, gedragskode en SA Skolewet geskied.

***Konsekwente optrede maak die uitvoering van dissipline maklik.***

Enige oortreding wat nie hieronder gelys is nie, sal deur die senior personeel hanteer word en in 'n vlak-kategorie geplaas word vir toekomstige hantering.

**Positiewe Dissipline**

Die Skool onderskryf die beginsel van positiewe dissipline en mag strafpunte na aanleiding van goeie gedrag, en nadat oorleg met die betrokke graadhoof gepleeg is, na goeddunke verminder of aanpas. Die leerder en sy/ haar ouer en/of voog sal dan dienooreenkomstig ingelig word.

## Vlak 1

<table>
<tr><td colspan="2">Vlak 1:<br>Gedrag in die klaskamer: Minder ernstig; nie doelbewus nie; onderwyser hanteer met diskresie. Hierdie gedrag is normaalweg beperk tot die klaskamer.<br>Alle opvoeders kan reageer op die oortredings en dit op die strafstelsel invoer teen die Vrydag van die betrokke week.</td></tr>
<tr><th>Beskrywing van onaanvaarbare gedrag</th><th>Optrede</th></tr>
<tr><td>Algemene netheid [kyk voorkoms reëls]: Ongeskeer, hare te lank [waarsku], hare onnet, hemp wat uithang, verkeerde skoene, verkeerd geklee [slegs trui aan], vergeet LO-klere, haarknippies, tas onnet en foutief, hare nie vas nie, verkeerde juwele, oorringe, verkeerde sokkies, serpe, hande in die broeksakke, staan nie op vir volwassenes, lang naels en onnatuurlike kleur van hare.</td><td rowspan="8">In alle gevalle moet die oortredings op die strafstelsel ingevoer word sodat al die oortredings van 'n leerder beskikbaar kan wees vir latere optrede. Dissiplinêre verslag word kwartaalliks aan ouers verskaf.<br><br>Die graadhoof moet 'n straflêer van elke leerder se oortredings byhou. Dit sluit ook optrede teen die leerders in.<br><br><u>Moontlike optredes</u>:<br><br>1. Mondelingse waarskuwings.<br>2. Skuif weg van sy maats.<br>3. Skuif leerder na voor in die klas.<br>4. Stuur boodskap aan ouers in sy skryfboek.<br>5. Skoonmaak van die klaskamer gedurende pouse of namiddae.<br>6. Ekstra huiswerk.<br>7. Uitwerk van vraestelle.<br>8. Ekstra huiswerk oor 'n naweek.<br>9. Isoleer leerder.<br>10. Ontneem klasvoorregte.<br>11. Oorhandig aan graadhoof.<br>12. Ernstige aanmaning.<br>13. Verhoog oortreding na volgende vlak.<br>14. Enige kombinasie van bogenoemde optredes.<br><br>ONTHOU:<br><br>Gebruik u diskresie met straf en optrede. U moet probeer om konsekwent op te tree. Tree onmiddellik en daadwerklik op, maar met deernis en liefde. Moenie u plig versuim deur die oortreding net na die volgende persoon oor te skuif nie, maar moenie huiwer om die probleem onder die aandag van u senior te bring nie.<br><br>Merietestelsel: Geld vir aanmelding op Vlak 1-2.</td></tr>
<tr><td>Huiswerk nie voltooi nie, opdragte vergeet en of nie gedoen, boek vergeet, werk lê by die huis, boeke nie oorgetrek nie, reageer nie op opdragte nie, kan nie op evaluering reageer nie, doen ander werk in klas sonder toestemming, werk nie in die klas nie, skryf- of tekengereedskap nie by skool nie, die verkeerde boek gebring.</td></tr>
<tr><td>Praat in die klas, eet, of kou kougom, sonder verlof tussen periodes na die kleedkamers, in klaskamer sonder teenwoordigheid van onderwyser, loop rond in klas sonder toestemming, ongehoorsaam in klas en/of let nie op in klas; in gange gedurende pouses of voor skool sonder die nodige verlof, hardloop in die skool, praat tydens aankondiginge, laat vir rye, praat in die rye of gange en/of stap verkeerde roete.</td></tr>
<tr><td>Lol met ander se eiendom, steek boeketas weg, boeketas in die gange gedurende pouses, swak gesindheid, arrogant, praat terug, stoei en stamp, onstigtelike gedrag, ontstig klas.</td></tr>
<tr><td>Afwesigheidsbriefie nie ingehandig nie, laat vir skool en/of laat vir klas en of saal.</td></tr>
<tr><td>Oneerlik met beperkte gevolge [skryf huiswerk af van ander leerders, oorhandig nie toetse aan ouers].</td></tr>
<tr><td>Morsjors op skoolterrein, in die klaskamer en in die dorp of by sportbyeenkomste, bekrap banke en/of skiet papiere in die klas rond.</td></tr>
<tr><td></td></tr>
</table>

## Vlak 2

<table>
<tr><td colspan="2"><u>Vlak 2:</u><br>Ernstiger wangedrag, doelbewus uitdagend of oneerlik van aard, ernstiger stappe word geneem. Gedragsoortredings strek ook buite die klaskamer en op 'n buite-kurrikulêre vlak. Alle opvoeders kan op die oortredings reageer en dit teen die Vrydag van die betrokke week op die strafstelsel invoer.</td></tr>
<tr><th>Beskrywing van onaanvaarbare gedrag</th><th>Optrede</th></tr>
<tr><td>Herhaalde vlak 1 oortredings, toon geen reaksie op vorige dissiplinêre optrede nie.</td><td rowspan="12">In alle gevalle moet die oortredings op die strafstelsel ingevoer word sodat al die oortredings van 'n leerder beskikbaar kan wees vir latere optrede.<br><br>Die graadhoof en/of adjunkhoof moet 'n strafleêr van elke leerder se oortredings byhou. Dit sluit ook optrede teen die leerders in.<br><br><u>Moontlike optredes:</u><br><br>1. Ernstig aanspreek.<br>2. Kontak ouers.<br>3. Detensie op 'n Vrydagmiddag.<br>4. Skoonmaak van klaskamer, skool, tuin, onder toesig.<br>5. Volgehoue oortreders kan aan die ADH of skoolhoof oorhandig word.<br>6. Skuif leerder na 'n ander klas.<br>7. Ekstra tuiswerk oor naweke.<br>8. Uitwerk van vraestelle en opsommende skoolwerk.<br>9. Ekstra toetse in die betrokke vak.<br>10. Sekere werkopdragte, spesifiseer.<br>11. Enige kombinasie van bogenoemde optredes.<br><br>Merietestelsel: Geld vir aanmelding op Vlak 1-2.</td></tr>
<tr><td>Parmantigheid, moedswillige ontwrigting, intimidasie, onwelvoeglike taalgebruik en onwelvoeglike gedrag tussen maats, vloek en skel, bakleiery, afknouerigheid, verkleineer ander, afdreiging.</td></tr>
<tr><td>Vandalisme, graffiti, beskadig ander se eiendom of skooleiendom [minder ernstige gevalle].</td></tr>
<tr><td>Gesels by saalbyeenkomste, ernstige voorkoms oortredinge, swak sportmanskap, afwesigheid van oefeninge.</td></tr>
<tr><td>Sonder verlof afwesig, sonder verlof uit klaskamer, stokkiesdraaiery, afwesig sonder verlof van sport, kultuur of enige ander byeenkoms, afwesig van sportbyeenkomste of wedstryde sonder verlof.</td></tr>
<tr><td>Oneerlik met noemenswaardige nagevolge: Gebruik maats se tuiswerk, teken skool dokumentasie self. In besit van elektroniese toestelle tydens toets.</td></tr>
<tr><td>In besit van selfoon en of gebruik van selfoon gedurende skooltyd.</td></tr>
<tr><td>Besit van aansteker en of vuurhoutjies in skooltyd.</td></tr>
<tr><td>Verbreking van beleid oor inligtingstelsels en sosiale media.</td></tr>
<tr><td>Ontstig klas met wangedrag, steur ander leerders se opvoedkundige geleenthede, ondermyn gesag van opvoeder en VRL-lid, arrogansie, afpersing, in besit van sigarette of ander tabakprodukte.</td></tr>
<tr><td>Onaanvaarbare gedrag soos bepaal deur die algemene norme van die gemeenskap en etos van die skool [spoeg, vloek, amoreuse gedrag (selfs hande vashou is onaanvaarbaar)].</td></tr>
</table>

## Vlak 3

<table>
<tr><td colspan="2"><u>Vlak 3:</u><br>Ernstige wangedrag en ernstige oortreding van skoolreëis.<br>Adjunkhoof reageer op die oortredings. Optredes moet volledig geboekstaaf word vir verder stappe indien nodig.</td></tr>
<tr><th>Beskrywing van onaanvaarbare gedrag</th><th>Optrede</th></tr>
<tr><td>Herhaalde vlak 2 oortredings, toon geen reaksie op vorige dissiplinêre optrede nie.</td><td rowspan="9">In alle gevalle moet die oortredings op die strafstelsel ingevoer word sodat al die oortredings van ‘n leerder beskikbaar kan wees vir latere optrede.<br><br>Die graadhoof moet ‘n straflêer van elke leerder se oortredings byhou. Dit sluit ook optrede teen die leerders in.<br><br>Vorige oortredings sal ook in aanmerking geneem word.<br><br><u>Moontlike optredes:</u><br><br>1. Ernstig aanspreek en formele waarskuwing.<br>2. Kontak ouers en reël ‘n afspraak.<br>3. Skooldiens [skoonmaak] onder toesig.<br>4. Pouse detensie vir ‘n week.<br>5. Onttrekking van normale skool-bedrywighede.<br>6. Onttrekking uit die klas met toepaslike straf.<br>7. Plaas naam op ‘n swartlys – ontneem voorregte vir ‘n tydperk.<br>8. Verbied bywoning van skool-byeenkomste.<br>9. Geen punte vir ‘n antwoordstel waar oneerlikheid voorgekom het nie.<br>10. Ekstra tuiswerk.<br>11. Diens aan die skool bv Interact (gemeenskapsdiens)<br>9. Enige kombinasie van bogenoemde optredes.<br>Stel skoolhoof in kennis vir verdere optrede.<br>Merietestelsel kom nie in aanmerking vir Vlak 3-5 oortredings nie.</td></tr>
<tr><td>Gebruik van alkohol op die skoolterrein of enige plek waar die leerder geïdentifiseer kan word. Rook op die skoolterrein of in besit van tabakprodukte en of e-sigarette.</td></tr>
<tr><td>Afskryf tydens toetse en eksamens en/of in besit van elektroniese toestelle tydens eksamens, bakleiery.</td></tr>
<tr><td>Vandalisme, ernstige onstigtelike gedrag, graffiti, ernstige beskadiging van eiendom,aktiveer van brandblusser en of brandsteek van enige materiaal, ontsiering van eiendom, swak gedrag by openbare- of sportbyeenkomste.</td></tr>
<tr><td>Rassistiese optrede en ander beledigende optrede of aanmerkings, afbreek van enige kerklike vereniging of geloof, onwelvoeglike gedrag, taal, optrede, onaanvaarbare skriftelike stukke.</td></tr>
<tr><td>Dobbel, minagting van nasionale en skool simbole.</td></tr>
<tr><td>Vuil taal, swak gedrag teenoor volwassenes, bakleiery en/of aanhitsing tot bakleiery, beledigende of kru taal en vloek onderwyser en/of personeel.</td></tr>
<tr><td>Bestuur van ‘n voertuig op die skoolterrein sonder die nodige verlof / bestuurslisensie / voertuig-lisensie; die bestuur van voertuig op die skoolterrein of buite die skoolterrein wat ander leerders se lewens in gevaar stel.</td></tr>
<tr><td>Verlaat die skoolterrein sonder toestemming, woon skool, klasse en/of saal- en of ander byeenkomste nie by nie, kom nie die gegewe strafmaatreëls na nie.</td></tr>
<tr><td>In besit van en/of afvuur van vuurwerke.</td><td></td></tr>
<tr><td>Boeliegedrag (verbaal, fisies, sosiale media, ens.)</td><td></td></tr>
</table>

## Vlak 4

**Vlak 4:**
Ernstige wangedrag en ernstige oortreding van skoolreëls.
**Hoof** reageer op die oortredings. Optredes moet volledig geboekstaaf word vir verdere optrede indien nodig.

<table>
<tr><th>Beskrywing van onaanvaarbare gedrag</th><th>Optrede</th></tr>
<tr><td>Herhaalde vlak 3 oortredings. Toon geen reaksie op vorige dissiplinêre optrede nie.</td><td rowspan="10">In alle gevalle moet die oortredings op die strafstelsel ingevoer word sodat al die oortredings van 'n leerder beskikbaar kan wees vir latere optrede.<br><br>Die graadhoof moet 'n straflêer van elke leerder se oortredings byhou. Dit sluit ook optrede teen die leerders in.<br><br>Vorige oortredings sal ook in aanmerking geneem word.<br><br><u>Moontlike optredes:</u><br><br>1. Kontak ouers.<br>2. Finansiële vergoeding aan slagoffers.<br>3. Opskorting van voorregte.<br>4. Ontneem van erekleure / ampte.<br>5. Opskorting van amp vir tydperk.<br>6. Nie verkiesbaar vir ampte.<br>7. Tydelike uitsluiting.<br>8. Skorsing.<br>9. Uitsetting.<br>10. Enige kombinasie van bogenoemde optredes.<br>11. Ekstra tuiswerk.<br>12. Diens aan die skool bv Interact (gemeenskapsdiens).<br>13. Aanmelding by die SAPD.<br><br>Oortredings en optredes sluit ook oortredings in wat leerders in die koshuise begaan.</td></tr>
<tr><td>Aanranding, oneerbiedigende en disrespekvolle optrede teenoor 'n gesagsfiguur, arrogant en uitdagend, langdurige en ernstige wangedrag in die klaskamer.</td></tr>
<tr><td>Ernstige geweldsoptrede, dra van wapen [vuurwapen], mishandeling, afpersing, intimidasie, afknouerigheid of enige optrede met die opset om fisiese of psigiese leed of skade aan te rig.</td></tr>
<tr><td>Ernstige saakbeskadiging, vandalisme of graffiti in skool of buite die skool.</td></tr>
<tr><td>Ernstige oneerlikheid, opsetlike verskaffing van valse inligting, in besit van gesteelde goedere, diefstal, vervalsings, vervalsing van dokumente.</td></tr>
<tr><td>Besit van alkohol of dwelms of enige tabakproduk soos byvoorbeeld dagga en/of e-sigarette. Snuif van gom of Tipp-Ex of ander produkte wat 'n narkotiese uitwerking het. Gebruik van alkohol op skoolterrein. [Ook buite die skool waar leerders as skoolleerders geïdentifiseer kan word.] Sonder enige redelike gronde weier om te onderwerp aan alkohol en of dwelmtoetsing</td></tr>
<tr><td>Seksuele verbale teistering, ernstige fisiese kontak met geslagte, onbetaamlike gedrag, besit of versprei van pornografiese of ander onaanvaarbare materiaal [binne of buite skool], dra van gevaarlike wapens [messe, stokke ens], ontbloting, afloerdery, skandelike gedrag of seksueel afwykende optrede of enige onvanpaste gedrag tussen geslagte.</td></tr>
<tr><td>Doelbewuste en aanhoudende afwesigheid.</td></tr>
<tr><td>Ernstige negatiewe en afbrekende optrede teenoor volwassenes wat die etos van die skool raak.</td></tr>
<tr><td>Ontwrigting van die skoolprogram, minagting van simbole, minagting van leerders se menswaardigheid of van persone se godsdienstelike oortuigings.</td></tr>
</table>

## Vlak 5

<table>
<tr><td colspan="2"><u>Vlak 5:</u><br>Baie ernstige wangedrag en ernstige oortreding van skoolreëls asook oortredings van landswette en minagting van die grondwet.<br>Hoof en beheerliggaam reageer op die oortreding. Optredes moet volledig geboekstaaf word vir verdere stappe.</td></tr>
<tr><th>Beskrywing van onaanvaarbare gedrag</th><th>Optrede</th></tr>
<tr><td>Herhaalde vlak 4 oortredings. Toon geen reaksie op vorige dissiplinêre optrede nie.</td><td rowspan="10">Hierdie optrede sal direk aangespreek kan word deur die landswette of bepaalde regulasies van die WKOD.<br><br>Optrede teen die betrokkenes sal dan ook die prosedure en bepalings soos neergelê deur die WKOD en bepaalde wetstoepassingsinstansies insluit.<br><br>Hierdie oortredings kan aan die polisie oorhandig word vir verdere vervolging.<br><br>Na skuldigbevinding kan die skool binne sy bepaalde vermoëns en onderhewig aan hof- of WKOD-uitsprake toepaslik optree.<br><br>Die optrede sal te alle tye die skuldigbevinding van die leerder of persoon in ag neem en daarna sal dienooreenkomstig opgetree word. Die belang van die skool, leerders, onderwysers en die beskuldigde sal in aanmerking geneem word by die betrokke optrede.</td></tr>
<tr><td>Inbraak en diefstal op skoolgrond of enige ander plek.</td></tr>
<tr><td>Rig van enige gevaarlike wapens met die doel om af te dreig, af te pers of persoonlike fisiese leed te veroorsaak.</td></tr>
<tr><td>Gebruik of handel in dwelms, alkohol op of van die skoolterrein en/of positief toets vir gebruik van dwelms en/of alkohol.</td></tr>
<tr><td>Brandstigting.</td></tr>
<tr><td>Bomdreigemente.</td></tr>
<tr><td>Enige sataniese verwysings, gebruike of optrede.</td></tr>
<tr><td>Enige optrede wat die veiligheid of regte van enige persoon in of buite die skool belemmer of in gevaar stel. Enige optrede wat die grondwet oortree.</td></tr>
<tr><td>Ernstige seksuele oortredings wat verkragting insluit, in of buite die skool.</td></tr>
<tr><td>Moord.</td></tr>
</table>

**Vlak 1 - 2 punte**
**Vlak 2 - 5 punte**
**Vlak 3 - 10 punte**
**Vlak 4 - 40 punte**
**Vlak 5 - 80 punte**

## Kleredrag en voorkoms (Bylae B)

### Algemeen

'n Nuwe leerder word twee weke gegun om te sorg dat hy/sy die voorgeskrewe skooldrag aanskaf. Die skool se skoolbaadjie met wapen is verpligtend by saalbyeenkomste en by alle amptelike skoolfunksies waar skooldrag vereis word tensy anders gereël. Slegs die skooltrui mag addisioneel onder die baadjie gedra word. Skoolbaadjies is verpligtend in die winter.

Die korrekte, goedgekeurde serpe en handskoene kan by die klerebank gekoop word.

### SKOOLDRAG

**WINTER:**

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Hemp | Wit langmouhemp of kortmouhemp wat met skooldas gedra kan word. |
| Broek | Grys lang- of kortbroek met gewone swart gordel. |
| Trui | Langmou of moulose koningsblou V-nek met skoolwapen mag onder die baadjie gedra word. |
| Skoolbaadjie | Skoolbaadjie met wapen is verpligtend. Die boonste knoop moet te alle tye vas wees. |
| Skoolskoene | Swart skoene met veters.<br>Kouse / sokkies: Grys<br>Seuns se sokkies opgetrek tot bokant die kuit, direk onder die knie. |

**Dogters**

| | |
|---|---|
| Skoolrok | Donkerblou V-nek rok. |
| Trui | Langmou of moulose koningsblou V-nek met skoolwapen mag onder die baadjie gedra word. |
| Hemp | Wit langmouhemp met skooldas. |
| Skoene | Swart skoene met bandjie oor die voet. |
| Kouse | Swart broekiekouse. |
| Skoolbaadjie | Skoolbaadjie met wapen is verpligtend. |

**SOMER:**

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Hemp | Wit kortmou, oopslaan kraaghemp. |
| Kouse | Lang grys kouse met kortbroek en grys kouse met langbroek. |
| Broek | Grys kort- of langbroek met gewone swart gordel. |
| Skoene | Swart skoene met veters. |
| Trui | Langmou of moulose koningsblou V-nek met skoolwapen. |
| Skoolbaadjie | Verpligtend op Maandae en opsioneel op kouer dae. Hempskraag moet dan buite die baadjie gedra word. |

**Dogters**

| | |
|---|---|
| Skoolrok | Geruite wit en donkerblou rok. |
| Trui | Langmou of moulose koningsblou V-nek met skoolwapen mag onder die baadjie gedra word. |
| Skoene | Swart skoene met bandjie oor die voet. |
| Kouse | Wit, kort sokkies. |

Skoolbaadjie — Verpligtend op Maandae en opsioneel op kouer dae. Kraag moet dan buite die baadjie gedra word.

**SPORTDRAG**

**SEUNS**

Alle sportkodes: Die goedgekeurde, voorgeskrewe amptelike sportdrag van die skool.

Die eerstespanne kan ander uitkenbare sportdrag dra wat gewoonlik deur borge aan die leerders beskikbaar gestel word.

**DOGTERS**

Alle sportkodes: Die goedgekeurde, voorgeskrewe amptelike sportdrag van die skool.

Die eerstespanne kan ander uitkenbare sportdrag dra wat gewoonlik deur borge aan die leerders beskikbaar gestel word.

**Sportdrag is by die skool se klerebank te koop.**

## VOORKOMS VAN LEERDERS

**Seuns:**

Hare van seuns: [netheid is die norm hier]

a egalige snit en lengte sonder slierte.

b neklyn moet gelyk wees na hare gesny is.

c mag nie oor kraag hang of krul nie.

d mag nie oor die rand van die oor hang of krul nie.

e voor die oor nie laer as middel van oor om wangbaard te vorm.

f mag nie gekleur of gekrul word nie.

g kuif mag nie laer as 1 cm bokant die wenkbroue hang nie.

h mag nie glad teen die kop geskeer wees nie [nie korter as 'n nommer 2 kam].

Indien van toepassing, moet 'n seun glad geskeer wees.

Geen juwele - net 'n horlosie. (Sien by dogters hieronder)

**Dogters:**

Ten einde by skooldrag te pas, moet **netheid** as die belangrikste uitgangspunt gesien word.

Hare:

a Kuif mag nie laer as wenkbroue hang nie.
b Hare mag nie laer as die onderrand van die kraag hang nie.
c Hare moet, indien dit nie netjies vertoon nie, gevleg word.

d Hare kan met die volgende vasgemaak word:
- gewone rubberrekkies.
- koningsblou, swart, navy of bruin handdoekstof rekkies.
- koningsblou of navy linte.
- slegs bruin of swart kammetjies of gewone, gladde bruin of swart of silwer [nie blink nie] glyknippies.
- geen "banana slides" of allerlei ander versierings in hare nie.
- 'n swart, navy of bruin "aliceband" (nie opgestopte tipe nie).
- haar/kopbande mag in swart, navy, bruin of wit gedra word.
- haarkleur is stylvol en natuurlik. Hare mag nie onnatuurlik gekleur word nie.

Lengte van skoolrok: as dogter op knieë staan, nie hoër as 12 cm bokant die grond nie.

Naels: Naels mag nie by vingerpunte verbysteek nie en slegs kleurlose naellak word toegelaat.

Grimering: geen grimering word by skool- of sportdrag gedra nie.

Juwele:

Horlosies: Slegs silwer, goud, swart, bruin, navy of koningsblou.

Slegs die volgende tipe oorkrabbetjies in die oorlel: Slegs goud of silwer ringetjies (nie meer as 15mm in deursnee nie), of knopie tipe klein 'studs' - ook net goud of silwer. Geen diamantjies of pêrels nie. Slegs een oorkrabbetjie per oor in die gaatjie naaste aan die wang.

Ondersoek word tans gedoen vir Hoërskool Swartland pasmaak-oorkrabbetjies wat in die klerebank beskikbaar sal wees.

Geen verdere juwele mag gedra word nie.

**Beleidswysigings**

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 24ste DAG

VAN Maart 2025.

SMWalters.

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof